# HOE WEET JY DAT JY REG IS?

Hierdie kort artikel is vertaal uit `n artikel in Engels, wat geskryf was deur Duncan MacLeod van die Christian Biblical Church of God maar is heelwat uitgebrei deur die vertaler, Helmut Burger.

IEMAND MAG VRA, "Wat maak jou so seker dat jy die *waarheid* het en die res van die wêreld is verkeerd?" Hoe sal jy antwoord? Hoe kan jy *weet* dat jy reg is wat betref bybelsake? Hier volg `n paar beginsels om in gedagte te hou.

Jy moet eerstens verstaan waarom mense verkeerd is as dit by begrip van die Bybel kom. Die hoofrede is te vinde in Openbaring 12:9. Die teenstander van die mensdom is *aktief besig* om die hele wêreld *te mislei*. "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld [*ja, nou,op hierdie oomblik*] verlei, …" Die gevolg is dat te veel mense Satangeïnspireerde *leuens* glo, soos byvoorbeeld die idee dat daar met God se wette en gebooie "weggedoen is." Jesus het presies die teenoorgestelde aan Sy dissipels in Mat 5:17-20 gesê: " Moenie [eers] dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul [groot te maak, op die volle toepassing daarvan te wys] . Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie." In I Johannes 3:4 word ons geleer dat die einste oortreding van die wette van God inderdaad die *definisie* van sonde is: "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die **sonde is wetteloosheid**." As hierdie jou benadering tot God se wette verteenwoordig kan jy maar verseker wees *dat jy nooit* die Bybel *sal verstaan nie*!

Satan word beskryf as die *de facto* "god" van die huidige wêreld of samelewing - `n onheilspellende, skrikwekkende wese wat volgens II Kor. 4:4, "naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld 'die sinne verblind het', sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie. Hierdie is die rede waarom, byverre, die meeste mense die Bybel nie kan verstaan nie.

`n Verdere beginsel wat ons in gedagte moet hou is dat *begrip van God af kom.* In I Kor. 2:9-14, sê die Apostel Paulus I Kor. 2:9-14 "maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die

mens wat in hom is? [Die gees in die mens gee aan ons bewussyn, `n verstand en denke] So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe [deur] die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."

Die menslike gees is iets wat ons almal tydens konsepsie ontvang. Met hierdie gees kan menslike wesens bepla, ontwerp en bou – kommunikeer deur taal, ens. Dit is wat ons `n *verstand* gee en nie net `n blote dierlike brein nie. Allerbelangrik is die feit dat dit ons die vermoë gee om kommunikasie met God te hê. Op sy beurt gee die byvoeging van die Gees van God ons die vermoë om geestelike konsepte wat in die Woord van God gevind word, te verstaan. Onthou, die waarheid van God word *geestelik beoordeel* – en dit vereis dat mens die Heilige Gees van God het, wat gehoorsaamheid aan God vereis. (Sien Hand. 5:32). Elkeen van ons kan die Bybel verstaan *as* ons gewillig is om dit met ywer noukeurig te bestudeer en met 'n ingesteldheid om met *opregte gewilligheid* te gehoorsaam dit wat ons lees.

`n Derde noodsaaklike sleutel tot begrip van die Bybel is hoe ons dit benader – wat op sy beurt verg dat mens moet weet en verstaan hoe die Bybel aanmekaargesit is. Passasies wat te doen het of betrekking het op enige gegewe onderwerp word omtrent nooit in dieselfde plek gevind nie maar is verspreid in verskeie plekke regdeur die Bybel. Dis juis nodig om hulle te vind en bymekaar te plaas as ons `n duidelike en akkurate begrip of prentjie van enige doktrine of lering wil verkry. Paulus benadruk aan Timoteus in II Tim. 2:15 die noodsaaklikheid van *versigtige* Bybelstudie waartydens ons die "die woord van die waarheid reg sny," [en natuurlik daarna reg bymekaar en aanmekaar moet sit.] Hierdie "reg sny" van die Woord is noodsaaklik omdat die onderwerpe te vinde in die Bybel, aldus Jes.28;9-10, te vinde is soos volg: "Vir wie wil Hy dan kennis leer, en vir wie wil Hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste [volwasse in hulle benadering tot God en `n begeerte om Hom te behaag] weggeneem is? Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie." Leringe in die Bybel is hiervolgens te vinde – verspreid, "hier 'n bietjie, daar 'n bietjie." Maar vir diegene wat nie gewillig is om te luister nie, (vers 12), en, kortom nie wens om waarlik gte gehoorsaam dit wat hulle lees nie – lei hierdie "verspreidheid" van lering en doktrine tot verdere onkunde wainterpretasie, misverstand en wantoepassing van die Bybel. Só val hulle dan "agteruit struikel en verbreek en verstrik en gevang word," (vers 13), in selfopgelegde misleiding.

Laastens sê Paulus vir ons in I Thess. 5:21 dat ons alle dinge moet bepoef [m.a.w. moet toets aan die hele Woord van God] en die goeie moet behou. Sê hy om net *sekere, sommige,* dinge te beproef en dan die res as voordiehandliggend te aanvaar? Nee! Hy sê beproef alle dinge: bewys dat God bestaan; bewys dat die Bybel waar is en die geïnspireerde Woord van God is; stel vas, bewys aan jouself wat die Bybel *wel sê* en *nie sê nie* en, stel vas wat `n *ware gelowige* moet doen om die Koninkryk van God te beërwe.

Familiariteit met die Skrif neem baie maande en selfs jare, ja, eintlik maar vir altyd so lank ons hierdie menslike bestaan voer, maar ons moet bereid wees om die opoffering te maak en die tyd, op `n daaglikse basis, in te sit! Hebreërs 11;6 sê, “ En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, **moet glo dat Hy is en ‘n beloner is van die wat Hom** [ywerig] **soek,**” Hom ywerig te soek deur die korrekte, nederige en gewillige benadering tot die Bybel. In Jes. 8:20 vind ons die *standaard* waarmee on `n leraar of prediker moet meet om te bepaal of hy die waarheid verkondig of nie, “ Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie.”

Streef daarna om volgens *elke woord van God* te lewe (Deut.8:3; Matt.4:4) – nie net wat jou gemaklik laat voel nie. Dit sluit in die onderhouding van die Sewende dag Sabbat van God -want jy sal nooit die Skrifte verstaan as jy aan valse geloofsopvattinge soos byvoorbeeld Sondagonderhouding, bly vasklou nie. Uiteindelik sal slegs diegene wat met ywer en nougesetheid die waarheid soek met die doel om te *gehoorsaam* dit wat hulle lees, die Bybel regtig verstaan.